

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

JUNIE 2007

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-9821016
CQ Boland	Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Bulletinrooster	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Geleentheds koördineerder	Bennie Harhoff	ZR1JHD	021-8725598

KLUBBULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
 Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Besoek die klub se Webwerf by <http://www.qsl.net/zs1bak/index.htm>

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na 'n klubvergadering op Saterdag 30 Junie 2007 om 11:00 op die plaas van Olivier, ZS1OLI in die Agter-Paarl. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleis-vure aangesteek word. Moenie van die katebak verkoping vergeet nie. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die vergadering uit te kom.



BARK
Vergadering...



BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepasheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF
 E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA
 Posadres: CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

VAN DIE VOORSITTER.

Dit is 6:00 nm. en reeds donker en vanoggend met bulletin tyd was dit



ook nog donker. Dit moet winter wees! Ek luister vanoggend na die bulletin en

kon agterkom dat die inroep maar skaars is. Nogmaals dankie aan al die lede wat so gereeld moeite doen om na BARK se bulletin te luister.

Ons komende vergadering, dis nou op die 30ste, is dan ook BARK se Algemene Jaarvergadering. Dit is dan ook tyd om weer u lidmaatskap te hernu. Ingesluit is 'n strokie vir die OK's wat nog nie vereffen het vir die boekjaar 2007/8 nie. Indien u die ledegeld direk in BARK se rekening inbetaal MOET u asseblief seker maak dat die inbetaling sal aandui op die bankstaat van wie die betaling was. GEEN POSWISSELS NIE ASSEMBLIEF, die bank wil dit nie aanvaar nie!

Ons sluit hierdie jaar af met die ledetal op 119. Ek vertrou dat ons die komende jaar net so sterk sal staan.

Op die 2de Junie was dit die Wes-Kaap se beurt om Die "RTA" te Stellenbosch aan te bied. Weereens het BARK-lede 'n groot bydrae gelewer om hierdie geleentheid 'n sukses te kon maak. 'n Spesiale woord van dank aan die BARK lede, Henry ZS1AAZ en Karl ZS1KC wat die administrasie behartig het.

Twintig van ons klublede het die geleentheid bygewoon. Baie positiewe terugvoer is ontvang van ons lede.

Op 14 April 2007 het die AJV van die SARL plaas gevind. Een van BARK se lede is tydens die prysuitdelingsdinee vereer. Ean, ZS1PR, is met die Jack Twine toekenning vir verdienstelikheid vereer. Die toekenning is geregverdig as gevolg van Ean se bydrae tot die samestelling van die RAE vraestel vir 'n aantal jare. Hierdie funksie is nou oorgeneem deur die Sandton klub waar 'n aantal lede voortaan die taak gaan verrig. Baie geluk aan Ean.

Dan het BARK ook in die ry gestaan vir 'n toekenning. Die Radio ZS skild is aan ons klub toegeken vir die bydrae tot die verspreiding van Radio ZS aan al die SARL lede. 'n Paar



OK's wat gereeld hiermee help is Henry ZS1AAZ, René ZS1VR, Karl ZS1KC en Hans ZS1WZ. Ek mag dalk 'n naam oorslaan maar baie dankie aan hierdie lede wat so gereeld saamwerk aan hierdie reuse taak.

Ek vertrou ek sien almal van u op die 30ste by Olivier ZS1OLI in Die Agter-Paarl. Baie dankie aan Olivier wat gereeld sy uiters geskikte terrein beskikbaar stel vir 'n klubvergadering.

Groete van hok tot hok.

Rassie, ZS1YT



REDAKSIONEEL

Die bydraes vir hierdie uitgawe was maar min. Dankie aan Karl, ZS1KC, en Charles, ZS1CF, vir hul bydraes. Dit is nou winter maande, binneby maande, so gryp 'n pen of die sleutelbord en skryf 'n artikel of twee vir CQ Boland. Hoe lyk dit met die ouer manne en dames, ons deel graag in die staaltjies uit die verlede.



Tot die volgende uitgawe.

Johan, ZS1RX



BARK 40M HF KOMPETISIE

Die Boland Amateurradioklub bied weer op 22 Julie 2007 'n HF 40m kompetisie aan.

Die kompetisie sal slegs in die 40m band, op foon geskied. Die kompetisie sal loop van 15:00 tot 18:00 SAST op bogenoemde datum en die volgende reëls sal van toepassing wees:

- Die kompetisie is op vir ALLE amateurs in Suider Afrika.
- Slegs draadantennas en 'n maksimum kraguitset van 100W mag gebruik word.
- Vir elke kontak, op foon, ongeag in watter streek in Suider Afrika, sal 1 (een) punt toegeken word.
- Roepsein, Seinrapport en **Poskode** moet uitgeruil word.
- BARK gaan sy klubstasie onder die roepsein ZS1BAK bedryf en 'n kontak met dié stasie sal 5(vyf) punte tel. (Slegs eenmalig!).
- Logstate moet binne 14dae na afloop van die kompetisie ingestuur word en kan per e-pos aan zs1bak@mailbox.co.za gestuur word of per slakkepos aan BARK, Posbus 273 STRAND. 7140.
- Sertifikate sal toegeken word aan 'n 1ste, 2de en 3de plek algeheel in die kompetisie.
- Daar sal ook 'n sertifikaat uitgereik word aan die stasie met die hoogste punte in elke divisie of buurland.
- Die 3 lede van BARK wat die hoogste punte behaal sal ook met 'n sertifikaat vereer word.

KORT VERSLAG OOR ZS1HELL GEDURENDE APRIL/MEI 2007

Karl ZS1KC



Die begin!!!!

Die Boland Amateurradioklub het weer 'n Dx-ekskursie na Gamkaskloof gereël gehad. Altesaam 12 amateurs, 11 van BARK en een buitestaander het dié laaaaang naweek in daardie hel-utopia rustig deurgebring en die radiofrekwense warm ge-Dx!!!

Met twee beplanningsvergaderings vooraf (toe ook geoefen om vuur te maak en vleis te braai!) het elkeen sy pligte gekry waarvoor hy verantwoordelik was. Dit het puik gewerk en nie een enkele keer was iets kort nie. Tussen hierdie groep was ook 'n hele paar "nuwer" amateurs vir wie só 'n uitstappie iets onbekends was. Hier is hulle dan ook deur die "ouer" garde so effe touwys gemaak. Al twaalf lede moes ten minste 1uur/dag voor die radio



Die bestemming, Gamkaskloof a la Die Hel!

deurbring, altans so het die beplanning gelui. Dit was egter nie nodig nie, want eintlik moes 'n mens bedel om ook 'n beurt voor die mikrofoon te kry!

Die kok was Bennie, ZR1JHD. Met die huistoegaan was almal se "omvange" so ietwat groter. OM Johan, ZS1GP se beesstertpotjie was seker die lekkerste wat ek nog ooit geproe het. Jean Coetzee, ZS1JHC, se potbrood was, nadat dit met die boesmansaag gesny was, besonders lekker om nie eens van die gaar krewte tepraat wat hy as byspyse voorsien het nie. Voorwaar, hy is 'n groot aanwinst vir die klub!!

Olivier het vele sakke wingerdstompies voorsien sodat die duiwel ons nie in die donkerte kon bekruipe nie!



Die Meester-Dx-er voor die radio!



Jean sny brood vir aandete!

Die tegniese aspek: 'n Kragopwekker van 5KW was deur Doug, ZS1DUG voorsien en twee baie fris 12 volt gelbatterye deur Johan, ZS1GP asook 'n solarpaneel om dié gelaai te hou. Die sender/ontvanger was die klub se Kenwood TS450 met kragbron en al. Vir die "moeilike" tye was daar ook 'n liniêre versterker in die vorm van 'n Kenwood TL 922. Laasgenoemde was slegs gebruik om al die 160m kontakte te maak. Hier het Olivier, ZS1OLI, die kers in die hel opgesteek en in 'n japtrap altesaam 33 kontakte bewerkstellig. (Hulle is ter perse gaan alreeds met QSL-kaartte bevestig!). Die antennes was deurgaans mono-omgekeerde V tipes, en wel vir 160m, 80m en 40m. Die 160m antenna was nogal indrukwekkend – 'n volle 80m lank!! 'n Tuisgeboude 3-band vertikale antenna was gemonteer vir 20m, 15m, en 10m. Dié is egter glad nie gebruik nie. Alle kontakte, 160m uitgesluit, was slegs met 100W bewerkstellig. Die 220V is met die

batterykrag afgewissel en ons kon geen uitsetkrag vermindering oplet nie. 'n Baie interessante ondervinding was dat die 40m band nie een enkele keer "toegemaak" het nie. Ons kon dit 16 uur en langer per dag gebruik. Vanweë die afwesigheid van elektrisiteit en elektriese toestelle in Gamkaskloof, was daar geen QRN nie. Wat 'n aangename ondervinding! 'n QRP-stasie van Bellville, ZS1WP, het ons QRP gewerk met 1,5W en 'n roteerbare 40m dipool. Sy seinsterkte by ons was 5/8!! Ons antennes was oos/wes georiënteer en het dus puik na die noorde en suide uitgestraal. Hulle hoogste punt was sowat 10m. Ons het bitter weinig swak seine ontvang en sommige van die 160m kontakte was 5/9+30!! Die doel was dan ook om 'n "Top Band" (160m) toekenning sowel as 'n "Worked all ZS" te verwerf. Die laasgenoemde is seker die moeilikste in SA, want 'n sekere roepseinarea QSL maar uiters swak!!!!

Jean, ZS1JHC het, naas Doug, ZS1DUG, ook eerstehulp toegepas in die vorm van 'n spesiale

“hoesstropie” uit so 'n reghoekige medisynebottel.



Die Medisyneman gee iets vir die koue!



Hulle het nie antennas gebou nie!



Dié Stasie van ZS1HELL



‘n Bewoë Bennie ontvang ‘n toekening as kok!

Die deelnemers was: Rassie, ZS1YT wat al die reëlings ivm die uitstappie so puik gedoen het, Olivier, ZS1OLI, Douglas, ZS1DUG, Mac. ZS1XX, Bennie, ZR1JHD, Conradt, ZR1CE, Clyde, ZS1CS, Johan, ZS1GP, Jean, ZS1JHC, Derrick, ZS1DUP, Graham, ZS1GVB en Karl ZS1KC.

Behalwe dat dit 'n baie geslaagde naweek was sover dit kontakte betref, was die geselskap die beste ooit.



KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Charles, ZS1CF

BATTERY LAAIER REGULEERDER

Baie operateurs gebruik batterye om hul radios en selfs liniêre versterkers van krag te voorsien.

Die battery laaier word dikwels aan vergeet wat tot gevolg het dat die battery oorlaai word. Somtyds word die laaier ook afgelos en die battery is dan nie voldoende gelaai wanneer dit benodig word nie.



Die eenvoudige stroombaan wat hier beskryf word, kan aan enige battery laaier gekoppel word. Die laaier kan dan permanent aangelos word en die battery laaier reguleerder sal na die res omsien.

STROOMBAAN WERKING

As die battery spanning ongeveer 12V is, dan gely Zener diode D1 nie en T1 en T2 is afgeskakel. Die tiristor kry hekspanning vanaf R5 en word aangeskakel. Laaistroom word nou vanaf die laaier na die battery deurgelaat.

Indien die battery spanning ongeveer 13.5V bereik, gely die zener diode en beide T1 en T2 word aangeskakel. Die tiristor skakel af en die battery word nie verder gelaai nie.

Soos die battery spanning varieer, word die hele proses herhaal en die battery word dikwels vinnig gekoppel en ontkoppel vanaf die laaier. Die spanning behoort nooit 13.5 volt te oorskry nie.

Die tiristor werk in hierdie toepassing net soos 'n skakelaar, skakel aan by 12V en skakel af by 13.5V

KONSTRUKSIE

Die kringbaan is baie klein en kan binne in die laaier ingebou word. Maak net seker dat die tiristor aan die laaier se metaal kassie gemonteer word om voldoende verkoeling te verskaf.

Die aan- en afskakel werkspannings kan verstel word deur R2 te verander.



Die transistors is nie krities nie en omtrent enige NPN en PNP tipe kan gebruik word. Die tiristor se keuse is belangrik en moet so gekies word dat dit die maksimum laai stroom van die laaier sal kan hanteer. Die BT151 kan maksimum 12A hanteer.


Konstruksie is heel eenvoudig, die negatiewe hoof geleier word onderbreek en die tiristor word tussen die twee punte ingevoeg. Maak seker dat die tiristor reg ingevoeg word volgens die skematiese diagram. Polariteite is belangrik!!

Jy het so pas 'n elektroniese skakelaar gebou wat jou battery vir jare lank gaan beskerm.

KOMPONENTE LYS



R5,6	1k Ω ¼ watt	TH1	BT151
R2	2,7k Ω ¼ watt	D1	BZY88C10V 0.4W 10 volt Zener
R4	4,7k Ω ¼ watt	T1	BC107 NPN transistor
R1,3	10k Ω ¼ watt	T2	BC177 PNP transistor

SKEMATIESE DIAGRAM



KRINGBAAN UITLEG

GEDRUKTE KRING UITLEG



BARK VERGADERING VAN SATERDAG 30 JUNIE 2007

Deur Johan, ZS1RX

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 30 Junie 2007, op die plaas van Olivier, ZS1OLI te Agter-Paarl. Die van u wat al daar was weet hoe lekker dit daar is en die van u wat nog nie daar was nie, mis sowaar uit.

BARK Vergadering...



As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klapmuts/Wellington afdraai. Dit is die R44. Die R44 raak later 'n dubbelbaan. **Hou aan tot by die Noord Agter-Paarl Koelkamer.** Draai daar links. Maak seker dat u tot by die koelkamers ry voordat u van die R44 afdraai. So 'n kilometer verder sal u die afdraai links na die plaas vind. Die plaas se naam is "Die Slot van die Paarl". U sal sommer gou die antennes sien. Volg die pad tot by die antennes.



Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler en 145.500 simpleks vir die van u wat onseker is van die roete.

BARK AKTIWITEITE VIR 2007

Deur Rassie, ZS1YT

- 30 Junie BARK se AJV by Olivier, ZS1OLI, in die Agter-Paarl.
- 15 September BARK vergadering, weer in Die Strand.
- 24 November ons laaste vergadering by Olivier in die Agter-Paarl.
- 5 Augustus: SARL HF foon kompetisie.
- 15 tot 16 September: SARL BHF kompetisie.
- 4 Oktober: SARL 80m QSO party.
- 17 tot 18 November: SARL HF veldstasies..

Voorwaar 'n besige jaar!



GARTH MILNE, ZR1AFH

Deur Johan, ZS1RX

Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van Garth Milne, ZR1FH aankondig. Garth is op 25 Mei oorlede. Hy het kanker gehad. Garth was voorheen lid van BARK.

Hy was 'n professor aan die universiteit van Stellenbosch en die vader van Sunsat ons eerste satelliet.

Ons innige meegevoel aan sy familie.



APRS

Deur Johan, ZS1RX


APRS staan vir Automatic Pakket Reporting System of Automatic Position Reporting System. Ek merk dat daar verskillende opinies is oor die benaming. APRS is ontwikkel deur Bob Bruninga, WB4APR. Dit is 'n stelsel wat meestal van GPS informasie gebruik maak en dan posisie uitsaai op vasgestelde tye. Hierdie posisie kan dan op 'n kaart gesien word. APRS word ook gebruik gedurende tye van nood om posisies van noodvoertuie, stasies, hospitale ens te gee.

Ek sien die belangstelling daarin is besig om toe te neem. Die APRS digihaler staan op Botlaryberg en werk uitstekend. Die digihaler se frekwensie is 144.800Mhz.

Hierdie digihaler is aan die internet gekoppel en stasies oor die hele Suid-Afrika wat aan die netwerk gekoppel is kan gesien word. U kan dus 'n motor volg wat erens in Gauteng besig is om te ry.


Hier by ons in die Kaap is daar 'n paar weerstasies wat gereeld die weer uitsaai.

Al wat u nodig het is 'n 2 Meter radio, 'n rekenaar met 'n klankkaart, die sagteware en die verbindingsdrade.



Hier is 'n voorbeeld van 'n UI-View prentjie. Hierdie is aktiewe stasies in Gauteng

Ek maak gebruik van UI-View. Dit is volop op die internet en klein genoeg om af te trek. Google dit. U sal ook moontlik die program AGWPE benodig. Hierdie is ook op internet beskikbaar.



So lyk die skermpie wat opkom as u op 'n weerstasie klik. Die prentjie langsaan is FACT en kom vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe.

Kort boodskappe kan ook met APRS uitgesaai word.

Dit is ook interessant om 'n motor te volg terwyl

hy ry. Die motor se spoed en rigting word vertoon. Voorwaar 'n lekker tydverdryf.



RTA IN DIE WES-KAAP

Deur Johan, ZS1RX

Die jaarlikse Radio Tegnologie in Aksie het op Saterdag 2 Junie te Stellenbosch



Belangstellendes gesels gedurende 'n breuk tussen aanbiedings

plaasgevind. Dit was weereens baie interessant en voorwaar nie 'n geleentheid om te mis nie. Daar was so 60 belangstellendes uit die Wes-Kaap wat die geleentheid bygewoon het. Die sprekers van die dag was almal kenners op hul gebied en dit was werklik Radio Tegnologie in Aksie!




Ons sien uit na volgende jaar se aanbieding.



BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 24 MAART 2007

Deur Johan, ZS1RX

Die vergadering het by die Brandvleidam te Worcester plaasgevind. Oom Joe en Tannie Rina het dit vir ons gereel. Baie dankie aan hulle. Dit was 'n pragtige dag in die Boland. Rassie en Karl het vinnig deur die amptelike



Peter, ZS1JX, ontvang sy prys van Rassie, ZS1YT

sake gegaan. Daarna het ons gebraai en sommer net lekker gesels.

Daar was weereens bottels wyn wat geskenk was deur die Haarhof's. Alma het weereens almal geboelie tot hulle lootjies gekoop het. Peter, ZS1JX was die gelukkige wenner.

As u nog nooit by 'n Boland vergadering was nie raai ek u ten sterkste aan om die volgende vergadering in die Paarl by te woon. U sal nie spyt wees nie.

Die volgende 42 persone het die teenwoordigheidslys lys geteken:

BOOYSENS, KADAL ZR1KBO
 BURGER, MARICA
 BURGER, WIM ZR1SWB
 BUTLER, GRAHAM ZR1GVB
 CANITZ, KARL ZS1KC
 CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
 COETZEE, KOBUS
 CONRADIE, ANITA
 CONRADIE, KOBUS ZS1DC
 CONRADIE, PHILIP ZS1CON
 DE VILLIERS, BARBARA
 DE VILLIERS, CHRIS ZS1CDV
 DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
 DE VOS, DESRAY ZR1VOX
 DE VOS, ELDRED ZS1DJ

DE VRIES, JOHAN ZU1C
 DE WAAL, ERIK ZS1FH
 DEFTY, DOUG ZS1DUG
 DU TOIT, REG ZS1ADC
 HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
 HAARHOF, JOE ZS1AAB
 HAARHOFF, RINA
 HUGO, JAN ZS1JH
 JENDRISSEK, PETER ZS1JX
 KORKIE, LEON ZS1MM
 LE ROUX, ALMA
 LE ROUX, JOHAN ZS1RX
 LOUW, LOUWTJIE ZS1MV
 LOUW, MARTHA
 MORGAN, SUE ZS1AFR

MORGAN, TOM ZS1AFS
 MYBURG, HENNIE ZS1SK
 NEL, PEET ZS1NEL
 NEL, SANDRA ZR1SN
 SADIE, BENNA ZS1PBS
 SIMON, ETIENNE ZS1HQ

VAN RENSBURG, HENNIE ZS1HR
 VAN ROOYEN, ANSIE ZS1AVR
 VAN ROOYEN, KOBUS ZS1KVR
 VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
 VAN ZYL, BETSIE
 VAN ZYL, RENE ZS1VR



C106D TIRISTOR


Deur Johan, ZS1RX

Die C106D is 'n tiristor vir algemene gebruik. Hier is so 'n bietjie informasie:


PINNING - SOT32

PIN	DESCRIPTION
1	cathode
2	anode
3	gate

PIN CONFIGURATION



SYMBOL



SYMBOL	PARAMETER	MAX.	UNIT
V_{DRM}	Repetitive peak off-state voltages	400	V
V_{RRM}	Average on-state current	2.5	A
$I_{T(AV)}$	RMS on-state current	4	A
$I_{T(RMS)}$	Non-repetitive peak on-state current	38	A

BARK SE WEBWERF

Deur Johan, ZS1RX

BARK se webwerf is tans onder konstruksie. Daar is tans probleme by die rekenaars waar die webwerf gehuisves word. Die webwerf sal binnekort verhuis na 'n nuwe tuiste. U sal verwittig word van die nuwe adres.

VAN Boland Amateurradio klub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601